VERLOËNINGSGEBEDE:
DRUïDE GEBED

Efesieers 6:10-11, 18 "10 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. 11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. 18 Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges ..."

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur *Kanaän Bedieninge*, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.

- *River of Life Family Church*
  Pastoor Edward Gibbens
  Vanderbijlpark
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 982 3022
  Faks: +27 16 982 2566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa

Webblad: www.eu.kanaanministries.org

contents

Voorwoord ... 3

Verklaring van vertroue in GOD se Beskerming ... 6

Druïde gebed ... 7

Afseël na Bevryding (vir die berader) ... 22

Voorwoord

Hierdie gebede is opgestel soos sekere aspekte vir ons persoonlik duidelik geword het in die Woord van GOD en uit ondervinding wat ons opgedoen het in die beradingskamer.

Ons wil geensins hiermee diskrimineer teen enige persone, organisasies en/ of politieke partye nie en ons vra ook dat U hierdie boek uit hierdie hoek sal benader.

Wat beteken dit om iets te verloën?

Dit beteken om persoonlike verantwoordelikheid te neem oor iets uit jou verlede en om self hierdie saak aan te spreek en te verwerp. Jy sal nodig hê om die wortel van die saak te gaan navors en dit by sy oorsprong te gaan vernietig en af te sny. Jy weier om enige verdere erkenning daaraan te gee. Deur die oorwinning wat Y'shua[1] (Jesus) aan die kruis behaal het, kan ek in Sy Naam en deur die Krag van Sy Bloed weier dat enige vloek verdere effek op my lewe het. Die vloek word deur Y'shua (Jesus) se Bloed letterlik gekanselleer**.**

Sy Woord sê:

Spreuke 28:13 *"Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind."*

Ons het gesien hoedat mense bevry word van afgodery en demoniese verbonde waarvan hulle selfs onbewus was, nadat hulle dit bely het en om vergifnis gevra het en weggedraai het daarvan. Ons ervaar hierdie afgodery en demoniese verbonde as 'n aanval teen die Liggaam van Christus.

---

[1] *Y'shua* (Hebreeus) is Jesus se regte naam wat beteken "REDDING"- wat beteken: bevryding, redding, veiligheid, welsyn. Ons het geen probleem met die naam "Jesus" nie - dit is bloot die Griekse transliterasie van "Y'shua". Jesus is die naam waarmee die meeste van ons groot geword het. Onthou tog dat Y'shua was 'n Jood van die Stam van Judah, nie 'n Griek nie. Dit gaan min of meer so ... wanneer jy iemand se regte naam ken dan wil jy dit gebruik, daarom gebruik ons *Y'shua* in plaas van Jesus. Nog 'n baie sterk rede om *Y'shua* te gebruik is dat elke keer wat jy Sy Naam sê, proklameer jy die woord "REDDING". Jy sal ook oplet dat in sekere plekke gebruik ons die regte Naam van die VADER, YHVH. Die Naam word opgemaak deur die Hebreeuse letters, **Y**od-**H**ey-**V**av-**H**ey, en word algemeen uitgespreek as "Yahweh" of "Jehovah". Ons herhaal deur te sê ons het gekies om hierdie Naam te gebruik omdat YHVH is die VADER se regte Naam.

2 Kor.4:2 *"Maar ons het van die heimlike dinge wat skandelik is, afstand gedoen, en ons wandel nie in listigheid of vervals die Woord van GOD nie; maar deur die waarheid aan die lig te bring, beveel ons ons by elke menslike gewete voor GOD aan."*

Y'shua (Jesus) roep ons om aktief te soek na vryheid en heling — ten spyte van ons gebrokenheid.

GOD se WOORD belowe ons:

Jes: 54:17 *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die Here en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die Here."*

Riglyne om die afseelgebede te gebruik ...

Jakobus lig dit vir ons uit dat daar twee stappe is om van binding bevry te word:

Jak 4:7 *"Onderwerp julle dan aan GOD; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug."*

Hierdie twee stappe behels:

1. Belydenis van jou betrokkenheid (al was dit onaktief).

Dit is verkieslik dat daar twee getuies, waarvan die een 'n opgeleide berader moet wees, teenwoordig is wanneer hierdie gebede gedoen word. Die getuies staan saam en getuig saam met die persoon wat bevryding wil ontvang. Hierdie gebede is ook proklamasies en ons wil jou aanmoedig om dit openlik en in geloof te doen, onder die beskerming van die Bloed van Y'shua (Jesus).

Jak: 5:16 *"Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."*

Jy het nou net die eerste gedeelte van die gebede gehanteer. Die volgende is van kardinale belang en dit is waarom dit so belangrik is dat 'n opgeleide berader teenwoordig is.

2. Oorlogvoering ... staan op teen die vyand.

Soos wat die Heilige Gees dan tydens die gebede sekere waarhede uitlig, tree die berader nou saam met die betrokke persoon op en begin met geestelike oorlogvoering — vandaar ons gevoel dat dit belangrik is dat daar 'n opgeleide berader betrokke moet wees.

Met die skryf van die gebede het ons sekere belangrike woorde uitgelig, soos die betrokkenheid van die magte van die duisternis — dit is baie belangrik dat dit spesifiek gehanteer moet word.

Hierdie magte word tereggewys, uit die bloedlyn verwyder en na die Voete van Y'shua (Jesus) gestuur. Onhou om die persoon los te sny van mensgemaakte wette en van instellings en betrokke organisasies.

Onthou, hierdie gebede is slegs riglyne. As daar konsepte of afdelings is wat die Heilige Gees vir jou uitlig wanneer jy bid, wil ons jou aanmoedig om die Heilige Gees te vra om jou te lei vir die deurbraak.

Onthou **HY** is ons Volmaakte Leermeester en Berader.

Ps: 110:1 *"Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my Regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n Voetbank vir U Voete."*

Hebr: 1:13 *"En aan watter van die engele het Hy ooit gese: Sit aan My Regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n Voetbank van U Voete?"*

Hebr.10:13 *"Maar Hy…wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n Voetbank van Sy Voete."*

3. Restourasie met die Koninkryk van GOD.

Ten slotte en uiters belangrik moet die persoon aangemoedig word om hom/ haar aan die Wet van die Messias te verbind en daaraan gehoorsaam te lewe.

Galásiërs 3:10 *"Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie."*

Ons sluit af deur U te seën met GOD se Woorde:

Mag Hy jou SKILD, jou LIG, jou VREDE (shalom) wees. Mag Hy jou in alles oorwinning gee, en mag jy sy weë ken en SH'MA[2] (luister en doen)!

Sy seën oor jou toegebid!

[2] Vir verdere studie raadpleeg die artikel ***"Sh'ma — A Heraic Concept That Everyone Can Embrace"*** deur Willieam G Bullock, sr. Beskikbaar op die webwerf.

Verklaring[3] van **vertroue** in **GOD se Beskerming** …

Geen wapen teen ons gesmee sal stand hou nie en elke tong wat teen ons opstaan in oordeel, veroordeel ons. Dit is ons erfdeel as diensknegte van die Here en ons geregtigheid is van U, O Here van die Leërskare. Diegene wat teen ons gepraat of gebid het, of probeer het om ons skade of boosheid aan te doen, of wat ons verwerp het, vergewe ons, en ons seën hulle in die Naam van die Here

Matthew 5:43-45 *"43 Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. 44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; 45 Sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges."*

Romans 12:14 *"14 Seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie;"*

Nou verklaar ons, o Here, dat U alleen ons GOD is, en dat daar buiten U, geen ander is nie — 'n regverdige GOD en Redder, die Vader, die Seun en die Gees — en ons aanbid U!

Ons onderwerp onsself opnuut aan U op hierdie dag in onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Nadat ons ons aan U onderwerp het, Here, doen ons soos U Woord voorskryf. Ons weerstaan die duiwel: al sy druk, aanvalle en misleidings, elke instrument of agent wat hy teen ons probeer gebruik. Ons onderwerp ons nie aan hom nie! Ons weerstaan hom, dryf hom van ons af weg en sluit hom uit van ons, in die Naam van Jesus. Spesifiek verwerp en weerstaan ons enige siekte, pyn, infeksie, inflammasie, kwaadaardighede, allergieë, virusse en enige vorm van toordery.

Laastens Here, dank ons U dat deur die offer van Jesus aan die kruis, ons nou nie meer onder die vloek is nie, maar ingegaan het onder die seën van Abraham, wie U seën in alle dinge — verhoging, gesondheid, voortplanting, voorspoed, oorwinning en GOD se guns.

Galatians 3:13-14 *"13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word — want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang — sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang."*

AMEN!

[3] Original English version written by Derek and Ruth Prince

Druïde Gebed

Ons Hemelse Vader, In die Naam van U Seun, Jesus Christus van Nasaret, Y'shua, kom ons voor U troon van genade in ons nood en pleit om hulp. Ons besef volgens Heb 4:16 dat U volk ten gronde gaan as gevolg van 'n gebrek aan kennis.

Ons bely ons rebellie, selfsug en trots, waarin ons beweeg het. Ons het aangeneem dat U nie ons gebede verhoor nie. Ons besef dat U Heilig is en dat ons ongehoorsaamheid die oorsaak is van hierdie onverhoorde gebede.

Dankie Vader dat U onveranderlik is. U is en sal vir altyd die Heilige Een van Israel wees, ons Verlosser en Redder, Yahweh Goaleka, maar ook ons Vader in die Hemel en die een vir wie ons volkome kan vertrou.

ESEGIËL 8:5-17 "*8:5 En Hy sê vir my: Mensekind, slaan tog jou oë op in die rigting van die noorde; en ek het my oë opgeslaan in die rigting van die noorde—en daar was aan die noordekant van die altaarpoort daardie afgodsbeeld van ywer by die ingang! 8:6 En Hy sê vir my: Mensekind, sien jy wat hulle doen, die groot gruwels wat die huis van Israel hier aanrig, dat Ek ver van my heiligdom af moet weggaan? Maar jy sal nog ander groot gruwels sien. 8:7 Daarop bring Hy my by die ingang van die voorhof. Ek kyk toe—en daar was 'n gat in die muur. 8:8 En Hy sê vir my: Mensekind, breek tog deur die muur heen. En ek het deur die muur heen gebreek, en kyk, daar was 'n deur. 8:9 Daarop sê Hy vir my: Gaan in, en kyk na die growwe gruwels wat hulle hier doen. 8:10 Ek gaan toe in en kyk—en daar was allerhande afbeeldinge van afskuwelike kruipende en viervoetige diere, en allerhande drekgode van die huis van Israel wat al rondom op die muur uitgesny was. 8:11 En sewentig manne uit die oudstes van die huis van Israel het daarvoor gestaan, en Jaäsanja, die seun van Safan, onder hulle; en elkeen het sy wierookpan in sy hand gehad, en die geur van die wolk van reukwerk het opgegaan. 8:12 Toe sê Hy vir my: Het jy gesien, mensekind, wat die oudstes van die huis van Israel in die duisternis doen, elkeen in sy kamers met beeldwerk? Want hulle dink: Die HERE sien ons nie; die HERE het die land verlaat. 8:13 En Hy sê vir my: Jy sal nog ander groot gruwels sien wat hulle doen. 8:14 Hy het my toe gebring na die noordelike ingang van die poort by die huis van die HERE, en kyk, daar het die vroue gesit wat Tammus beween. 8:15 En Hy sê vir my: Het jy dit gesien, mensekind? Jy sal nog ander gruwels, groter as hierdie, sien. 8:16 Toe bring Hy my na die binneste voorhof van die huis van die HERE; en kyk, by die ingang van die tempel van die HERE, tussen die voorportaal en die altaar, was omtrent vyf en twintig man, met hulle rug na die tempel van die HERE en hulle gesig na die ooste, en hulle het hul voor die son neergebuig na die ooste. 8:17 En Hy sê vir my: Het jy dit gesien, mensekind? Is dit dan vir die huis van Juda te gering om die gruwels te doen wat hulle hier bedrywe, dat hulle die land met geweld gevul en My nog meer geterg het? En kyk hoe hulle die druiwetak by hulle neus hou!*

Vader, hierdie is U Woorde oor die afstootlike praktyke wat in die Noordelike hek deur ons gedoen is. Ek herinner U aan U Woord in:

2 Kronieke 7:14 "*7:14 en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."*

Vader, ons bely dat ons en ons voorgeslagte verkeerd gedoen het. Vader, verhoor asseblief ons gebed.

Jesus Christus van Nasaret, ons nooi U nou om by ons te wees terwyl ons nou bid. Heilige Gees, Ruach Ha Kodesh, ons nooi U om ons te lei.

Vader, baie van ons voorgeslagte het eenvoudig nie waarheid geken nie. Hulle het nie vir Jesus Christus en die Heilige Gees geken en vertrou nie. Ons is bewus dat dit net deur genade is dat ons kinders van God kan word en die waarheid kan ken, want U Woord sê dat die waarheid ons vry maak.

Ons kom en vra vir U vergifnis vir al die gebruike van die Kelte en Druïders wat nie aan U voorskrifte voldoen nie. Here, vergewe hulle ook vir die gevolge van hulle bloedlynvloeke wat ons nou dra. Net soos U aan die kruis vergewe het, so vergewe ons hulle nou. Ons bely en draai weg van al die goddelose paaie en vra U om ons gebed te verhoor.

Ons pleit die Bloed van die ware Jesus Christus van Nasaret oor ons, ons gade, ons kinders, ons troeteldiere, ons huise, land, besittings en finansies. As u kinders eis ons elke belofte van U in U Woord vir ons beskerming, veral Ps 91, Ps 131 en Jes 54.

Ons dank U, Vader, vir U Woord wat sê alles wat ons op aarde bind sal gebonde wees in die hemel en alles wat ons op aarde ontbind sal ontbonde wees in die hemel. As U kind en in die Naam van Jesus Christus, bind ons die werke van Satan en sy diensknegte wat ons verhinder om die gebed te bid en ons verbreek alle bande met hulle.

Ons vra U, die ware Jesus Christus van Nasaret, om al die gevalle engele, mensgeeste, familiêre geeste, astrale en enige ander wesens wat ons en ons families wil aanval of martel, te verwyder. Here Jesus, ons vra dat U ‘n muur van vuur om ons sal vorm. Stuur ook U gevegsengele om ons te beskerm teen enige teenreaksie as gevolg van hierdie gebed.

AANBIDDING VAN BOME

Vader, ons bely die aanbidding en verafgoding wat ons en ons voorouers aan bome gegee het. Veral die Eikeboom. Ons bely namens die Druïdiers die aanbidding van bome, blare, akkers, en die mistel. Hulle het hulle self Eikemense genoem en U daardeur verloën as skepper God.

Ons bely die soeke na kennis, towery, heksery en okkulte in bome. Ons bely dat ons kennis en wysheid van bome soos die Lysterbessieboom, Haselneutboom, Taksusboom, Esseboom, Appelboom en die Peerboom gesoek het deur hulle vrugte en blare .

Ons vra U om vergifnis en bely en verwerp al die rituele deur die boomplanting-seremonies ter ere aan die Druïders se gode. Ook die eet van neute, die slaap in bome om drome en visioene te kry, asook die plant van bome in die middel van ons eiendomme, stede en dorpe as totempale. Vergewe ons asseblief al die voorouerverering en helde-verering van bome.

Vergewe ons vir die offers van diere en mense by bome, die hang van offers aan bome, die brandoffers aan demone in bome, die besprinkeling van bloed op bome en vir die aanbidding aan die Dame van die Eikeboom en die gees van donder in die Eikeboom.

Vergewe ons vir die heilige brandoffer-vure met eikehout aan die afgode en vir die gesegde "*touch wood*" en vir al die waarsêery wat vervloeking oor ons gebring het deur die aanraking van ons hoofde.

Vergewe ons, Vader, vir die feit dat baie van die verkeerde maniere in die kerk ingebring is en Christelik verklaar is as aanbidding tot U. Vergewe ons ook die maak van doodskiste uit eikehout.

Ons bely en vra vir U vergifnis vir al die Druïdiese aanbidding by eikebome, en al die hekse-altare en offers wat daar gemaak is. Vergewe ons, Vader, vir die plant van Eikebome by kruispaaie en op belangrike straathoeke volgens Druïdiese gebruike.

GENERASIE-ERFENIS

Vader, ons bely en verwerp alle generasie erfenisse van die Druïdiese oorsprong, al die werke van betowering, towerkuns, heksery, duiwelskunste en waarsêery. Alle vorms van smeekbede, oproeping van dooies, geestebeswering, swart kuns, vormwisseling, alle heldersiendheid, alle vorms van hipnotiese bekoring, alle gereedskap en praktyke van die Druïdiese ambag, weg, tradisies, kennis en voorspellings vir Druïdiese aanbidding.

Ons verloën en verwerp alle kennis van die onderwêreld en ons vra U om ons te vergewe dat ons nie verstaan het dat U die oorsprong is van alle wysheid nie. Ons verloën en verwerp alle Eike kennis, krag en waarsêery deur bome, water en die elemente.

Ons verloën en verwerp die gebuik van okkultiese krag, werwing van lede , opstel van rangordes en aanvaarding van mantels van rangordes. Ons smeek dat alles nou bedek word met die Bloed van Jesus Christus van Nasaret en dat dit geen effek op ons nageslag sal hê nie.

Ons gee terug aan U, Vader,alle okkultiese erfenis en roeping en ons vra U om dit alles te verwyder. Reinig ons en vervang dit met die gawes van die Heilige Gees.

Vader, ons bely die gebruik van ons gawes vir Satan en ons bring dit in petisie voor U om dit uit ons bloedlyne te verwyder. Ons vra u om elke roeping op ons geslagte te kanselleer nl:

- Om generasies / nageslag van Druïdiers te wees;
- Om towernaars te wees
- Verleiers

- Fiosaiche — Fortuin vertellers
- Bruadaraiche — Druïdiese sieners/dromers
- Toegang tot die geesteswêreld
- Om Taibhsears — Tradisionele Hekse
- Om beliggaamde/verpersoonlike geeste te sien
- Riocht — Om mense se geeste op te roep
- Shealladh — Om heldersiende te wees
- Om Bruadaraiche te wees — Ontvang van demoniese inligting deur drome
- Om Ban Draoi te wees — Vroedvroue en genesing met okkultiese kragte
- Om visioenêre gidse te wees deur okkultiese bronne

Vader, verwyder asb. van ons bloedlyne om Druïdiese digters, sangers, waarsêers, voorspellers te wees en die profetiese gawes te gebruik vir okkultiese doeleindes. Vergewe ons vir verskeie titels soos om: Vroulike Druïdiese geneeskundiges (Bandui), Leier —profetesse (Flaith), Vroulike digters (BanFlaith), Hel-hardlopers (Haju-Runnos), Keltiese of Druïdiese Priester of Priesteresse (Shamans) , Suibhne, Geilt, Awennydd, of Fili genoem te word en hulle gawes te beoefen. Vergewe ons, Vader, vir die kanale wat ons was vir die koninkryk van duisternis. Ons vra vir U om die okkultiese roepings op ons lewens uit te kanselleer. Reinig ons en maak ons skoon kanale slegs vir U Heilige Gees, vir U Lig, Waarheid en Wysheid.

OKKULTIESE GAWES, MANTELS, RANGORDE, ROEPINGS EN VERMOëNS

Ons bring ‘n petisie voor U,Vader, dat die Bloed van Jesus Christus van Nasaret ons sal reinig en alles sal verwyder van ons bloedlyne, DNA en selle. Verwyder asseblief alle okkultiese gawes, mantels, rangordes, roepings en vermoëns.

Vader, waar ons derde oog geopen was deur onsself, of die sondes van ons voorouers, vra ons U asseblief om dit te verseël en toe te maak met die Bloed van Jesus Christus en help ons om ons visier op Jesus Christus te rig.

Vader, ons bring ‘n petisie voor U dat al die sataniese eise, bevele, verbonde en ooreenkomste met ons voorvaders en al hul programmering toegemaak sal word met die Bloed van Jesus Christus van Nasaret. Maak asseblief alle vals stemme stil. Ons smeek dat U ons ware vermoë, roepings en gawes asseblief sal ontsluit.

Vader, ons besef dat die gawes oorspronklik van U gekom het, maar dat die vyand en sy agente dit gesteel het vir sy gebruik. Ons vra u, Jesus Christus, om ‘n teen-petisie in te dien by ons Vader om ons gawes te reinig met U kosbare bloed, sodat ons dit kan gebruik vir U Koninkryk. Vader, ons verwerp die roeping van die vyand op ons gawes en ons wy dit nou aan U, vir U verheerliking alleen.

WATERGEESTE

Vader, ons bely en vra U vergifnis vir al die aanbidding deur ons en ons voorvaders aan water, naamlik: reëngeeste, watergeeste, geeste van die see, fonteine , waterputte, riviere, damme, poele, moerasse en vleie. Ook vir die skepping van heilige plekke waarin watergeeste, wat eintlik demone is, aanbidding ontvang het. (Loch Nan is die dam van die geeste).

Ons bely al die offers wat aan water gemaak is, veral die menslike offers deur die koppe van mense in riviere te gooi, asook die offer van diere en kinders om die demone te bevredig. Vergewe ons, Vader,vir die Druïdiese geloof dat riviere, damme en waterputte vroulike wesens in hulle het, asook vir die aanbidding wat hulle ontvang het. Vergewe ons vir die geloof dat gode en godinne (demone) genesing en voorspoed kan bewerkstellig en gee.

Vergewe ons, Vader, vir die oprig van ons kerke oor die waters, die bou op onheilige grond en die inlywing aan Satan en sy demone met altare. Vergewe ons vir die doop van ons kinders met hierdie water asook die doop in riviere wat simbolies is van die stroom van heidendom. Ons dra ook ons Romeinse en Griekse voorouers op aan U wat dieselfde gedoen het om genesing en bevryding te ontvang van dieselfde demone.

Vader, vergeef ons vir die gooi van geld in waterputte, fonteine en die see waar ons sodoende watergeeste mag gegee het oor ons finansies. Vergeef ons vir die gebruik van die maan se towerkrag deur water vir okkultiese doeleindes, asook vir die wettige reg wat gegee is aan die demoniese kragte om te werk deur water. Vader, vergewe ons asseblief en reinig ons van hierdie waters. Ons vra U dat strome van lewende waters uit ons sal vloei soos U Woord in Openbaring 22 beveel.

OORLOGSGEESTE (WARRIOR)

Ons bely en verwerp alle oorlogsgeeste van die Kelte en Druïdiers en ook vir die neem van besluite wat gelei het tot afgryslike wreedheid met oorloë.

Ons bely en vra U vergifnis vir die:

- Aanbidding van die oorlogsgode.
- Vir aanbidding en offers aan geeste van bloedvergieting en moord.

- Vir die Keltiese geloof in reinkarnasie wat veroorsaak het dat hulle geen vrees vir die dood gehad het nie
- Vir die gebruik van dwelms, drank en gedaanteverwisseling om gevegte te wen

Vader, ons bely die dood van die mans, vrouens en kinders wat in nuttelose gevegte gesterf het. Ons het bloed op ons hande omdat ons onsself onder die beheer van demone geplaas het. Vergewe ons asseblief.

VROULIKE KRYGERS

Vergewe ons, Vader, vir die stuur van vroue na oorloë en gevegte. Vir die kompetisie, beheer, kontrole, goddeloosheid en wreedheid wat deur hulle geopenbaar is. Vergewe ons vir die misleiding en heksery wat vrouens gebruik het teen mans wat hulle magsposisies bedreig het.

Vergewe ons, Vader,vir ons navolging van hierdie vrouens se ongehoorsaamheid, deur nie ons mans te eer en te respekteer nie . Ook die rebelse, onafhanklike, en eiewyse maniere wat deur ons geopenbaar is, is nie van U nie. Vergewe ons vir al die rebellie teen manlike outoriteit en vir die gebruik van moord, heksery, waarsêery en betowering om mans te beheer.

Vergewe ons vir die verering van vroulike krygers as heilige afgods-priesteresse en ikone om ons lande te regeer. Ook vir die verering van godinne in magsposisies (bv Brittanje). Ons bely die gebruik van die Rinkhalskraai en die Withalskraai as a simbool van dood en oorlog.

Oorloë het geweldige pyn en angs in ons families gebring. Dit het ook gebroke huise en weeskinders tot gevolg gehad en ons vra vergifnis dat ons voorgeslagte hulle deur goddelose mense en demoniese magte laat lei het. Vergewe ons asseblief vir die wreedheid teenoor mekaar en vir al die gestorte bloed wat na U roep van ons lande af. Vergewe ons dat ons u hierdeur bedroef het.

DIE KEISERRYK GEES

Ons bely dat die gees van beheer en die gees van onafhanklikheid — dieselfde geeste wat deur vloeke oorgedra is deur die Keiserryk na Brittanje — ook die geeste van die Druïdiers is.

Vergewe ons,Vader, vir die gees van hoogmoed en trotsheid van die Druïdiers. Hulle was die adellikes, leiers, intellektuele en bewaarders van ongeskrewe kennis en het elke area van die gemeenskap gekontroleer en met vrees beheer.

Vergewe ons vir gesag wat ons aan mense gee wat hulle verhef bokant ander. Vergewe ons dat ons toegelaat het dat die gees van die Leeu, die Narwal (eenhoring), die Beer en die Draak ons bekragtig , soos ons sien in Brittanje.

Ons bely ons aanbidding en neerkniel voor hulle en al die krygergeeste en oorlogsgeeste — ook dat ons ‘n koningin aanbid het in plaas van U, Koning Jesus. Ons bely dat ons toegelaat het om beheer te word deur dominasie, intimidasie en manipulasie deur ons regeerders en selfs ook van die kerk. Ons bely passiwiteit en aanvaarding teenoor hierdie instansies en dat ons nie opgestaan het vir reg en geregtigheid nie.

Ons bely dat ons U nie die ware Koning in ons lewens gemaak het nie en U nie vertou het nie. Vergewe ons asseblief in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

MITES EN FABELS

Vader, ons bely en vra U om vergifnis vir die vertel en oorvertelling van al die mites, stories, volksverhale en mitologië. Vergewe ons vir die beelde en prente en verhale van feetjies en Vader Kersfees wat oorspronklik van die Druïdiers gekom het.

Vergewe ons, Vader, dat ons dit aan ons kinders vertel het en sodoende onwetend leuens vertel het. Vergewe ons vir die vertel van feetjie- en dwergie stories en dwergies of elwe wat Vader k Kersfees se helpers is . Vergewe ons dat ons ons kinders ook soos feetjies en dwergies aangetrek het, want ons het nie geweet dat dit alles demonies is nie. Ook vir die hang van liggies aan die kersfeesboom in ons huise. Ons bely die 33 demone van volksverhale waarmee ons ons kinders bang gemaak het.

Ons bely dat ons met verhale van reuse en helde, die gees van vrees, vrees vir die donker en diepe waters ingeplant het in ons kinders en daardeur ook die oorsaak van nagmerries by ons kinders was. Vergewe ons vir die omskakeling/verandering van demone in helde en heldinne, asook gode en godinne en dat ons ons kinders geleer het om dieselfde te doen.

Vergewe ons, Vader, vir wat ons aan ons kinders gedoen het deur hulle te programmeer in die okkulte en in Satan se koninkryk.

Ons bely,Vader, en vra U om ons te vergewe vir die Druïdiese praktyk om ons hoofde in ‘n vorm van ‘n heining te skeer of ‘n kaal kol op ons hoofde te vorm.

Ons het ons liggame getatoeëer en daardeur deure vir demone oopgemaak — vergewe ons asseblief. Ons vra ook vergifnis vir die dra en heiligmaking van wit Druïdiese mantels/togas en bande/koorde, veral in ons kerke.

Ons verwerp die Druïdiese vloeke van die algehele duisternis en negatiwiteit oor ons en ons nageslagte. Vir al die legendes van die *grail*, die sogenaamde Heilige Graal wat aangeneem is deur Christendom wat eintlik heidens is — die Heilige Graal van Arthur en die towerkuns van Merlin. Ons bely die aanbidding van die *grail*, die hekseketel/heksepot van Arthur en die ridders van die ronde tafel.

PLANTE EN KRUIE

Vader vergewe ons vir die manier waarop ons die plante en kruie misbruik het vir die okkulte, wat U vir ons gegee het vir genesing.

Ons bring:

- Al die Druïdiese rituele, medisyne en die towervloeke wat mense kranksinnig maak voor U,
- Al die middels en olies wat kranksinnigheid veroorsaak deur sinne te beheer, bewussyn te verloor, aangewend word om mense toegesluit te hou in die donker en om hulle besete te maak,
- Om adder-stene/klippe te plaas op die maag om demone in te roep,
- Om toe te draai / toe te vou in diere velle,
- Om die verstand, sintuie, te affekteer deur intense koue of hitte,
- Middels wat geheue en trauma blokkeer.

Ons bely al die kragte van verbanning, ballingskap en ekskommunikasie; die rituele en toetse asook prosesse by godsoordeel van die Druïdiers; rituele van selfvernietiging en mutilasie; die ritueel dat elke nuwe koning moet bad in ‘n kragsop wat gemaak is van die liggaam van ‘n merrie; alle demoniese vas - seremonies om ander te manipuleer; deur intellek/sintuie te beheer en honger-stakings om meegevoel en simpatie te manipuleer asook intellektuele/ sintuiglike beheer wat kan lei tot die dood.

Vader, vergewe ons vir wat ons aan onsself en ander gedoen het om mag, rykdom, besittings of beheer te verkry deur manipulasie, dominasie en kontrole.

Jesus Christus, U het gesê ons moet mekaar liefhê. U is die God van liefde. Vergewe ons asseblief, Vader, vir wat ons aan U, aan ander en ons kinders gedoen het.

KOSMIESE AANBIDDING

Vader, ons bely en vra U vergifnis vir al die aanbidding van die son, die maan, sterre en enige planete, vir die Druïdiese geloof dat die son en aarde getroud is, asook al die feesvierings rondom hierdie geloof.

Vergewe ons vir die aanbidding van 1 Mei, Meidag (Bail's dag — Bel). Dit is die dag van die Druïdiese demoon van die dood. Vergewe ons dat ons plekke na demone vernoem het. Ook vir die aanbidding van die Allerheilige-aand (Halloween) en dat ons toegelaat het dat ons kinders daaraan deelneem.

Ons bely die blussing/uitdoof/doodmaak van alle vure op die Allerheilige-aand, een (1) en twee (2) November, die aanbidding van die vuur met vreugde vure, heidense plegtigheid met vuurwerke, kerwing van demone uit pampoene en rape, appel-waarsêery, spring deur vure en die aanneming van diere-demoon geeste soos die jakkals, wolf en arend.

Ons bely dat ons gedink het dit is oulik/snaaks om ons kinders soos hekse aan te trek en hulle uit te stuur om te gaan "*Trick-or-Treat"*, onwetend het ons demone aanbid. Ons bely ,Vader, vir al die aanbidding van Sint Jans op die 23ste Junie en al die ander "Sints". Ons besef nou dat hulle vereerde demone is. Ons bely die ontvang van bonatuurlike seëninge van hulle en vir die vloeke wat daardeur op ons en ons families gekom het.

Ons bely die aanbidding van die manlike fallus in die vorm van 'n Meiboom, vir die daaropvolgende seksuele swelgpartytjies waar Satan die reg gegee is om die deur vir perversiteit te open. Ook vir die geboortes van baie babas wat a.g.v. hierdie partytjies verwek is en dan vermoor is deur aborsie ens.

SON FEESTE EN DAG-EN NAG-EWENING

Ons bely die aanbidding wat gegee is aan Satan en sy knegte deur die vier (4) Druïdiese sonfeeste en die dag- en nag-ewening. Vir die aanbidding van die son en die songod Lugh en die son godin Sunna deur die lengte/ voorjaarsnagewening: 21 Maart, die Midsomer, Sint Jansdag: 21 Junie, die herfs/najaars-/herfsnagewening: 21 September, en die midwinter: 21 Desember.

Ons bely vir al die aanbidding gegee aan die maan deur die Druïdiese Lunariese vuurfeeste — Imbolic: 1 Februarie, Beltane: 1 Mei, Lummasticle: 1 Augustus, en Shamhain: 1 November.

Ons bely die aanbidding van die wiel van die jaar, die wiel van verandering deur feesvierings van al die tye en by Alban Arthan, Alban Eilir, Alban Hefin, Alban Elfred, die agt (8) speke van die wiel. Vir die aanbidding van die sterre deur die 'sterre wysheid' van die Druïdiers, vir die bou van sirkels met stene (tempels) om Gaer Sidi te verteenwoordig asook die silwer wiel van die godin Ariannrhod.

Ons bely:

1. Vir die luister na van die lied van die sterre
2. Vir die aanbidding van die volgende geeste:
    - van tyd, plek en sirkel

- van ons voorgeslagte en familiegroep/stamgroep
- Familiêre geeste
- Dwaal geeste

3. Vir die geloof dat met ons geboorte daar ‘n ontmoeting van die geeste van tyd en plek was.
4. Vir die geloof dat ons lewens beheer word deur die sterre, sterre-kennis of sterrewiggelary.

Vader, vergewe ons want ons het nie geweet wat ons besig was om te doen nie, ons vra U om dit te kanselleer, uit te wis met die Bloed van Jesus Christus. Kanselleer en vernietig alle programmering en konneksies met die hemele en hemelliggame in die naam van Jesus.

Vader, ons neem die Bloed van Jesus in die kamers van die son, maan en al die fases van die maan, in die sterrestelsels, oor al die lyne/verbindings, sirkels /bane, spore, paaie en wentelbane, elke koord en katrol en ons vra dat U dit sal reinig en sal skoon maak.

Ons bring ‘n petisie voor U dat U elke koord en konneksie wat deur hierdie hemelliggame ons probeer beheer, sal sny. Wil U asseblief elke erfenis, patroon en sirkel kanselleer en ons smeek dat U die stem van die vyand sal stil maak , sodat dit nie meer enige houvas op ons lewens en ons nageslagte sal hê nie.

Vader, u is die Enigste Skepper van die Heelal en U het die son, maan en sterre gemaak vir ons as ligte. Vergewe ons vir die aanbidding van hulle in plaas van U, vergewe ons vir die denke dat U nie sien wat ons doen nie. Ons bely dit met ons hele hart.

Ons bely voor U, Vader, die infiltrasie van die Druïde in Hindoeïsme, Boeddhisme, Vrymesselary, Egiptiese geeste en hulle simbole: die slang, die slang met die ramkop, die bok, leeu, eenhoring, draak, kruise, water geeste en die gees van die elemente. Vergewe ons vir gebruik daarvan in ons huise en kerke as “Christelike” simbole.

Ons bely aanbidding en invloede van al die valse drie-eenhede. Vir die gebruik van hulle kragte en vir die aanbidding/eer gegee aan hulle deur daad, gedagtes en woorde.

Ons bely die skilderye en afbeeldinge wat ons gemaak het, asook die versier van hard gekookte eiers, wat oorspronklik ‘n Egiptiese ritueel was, wat ons “Christelik” gemaak het. Die groot besigheid uit die verkoop van paaseiers en paashasies wat ons gemaak het, onwetend dat ons die godin Ishtar daardeur aanbid het.

Ons bely die verering van die steen van geluk onder die troon van die koningin in West Minister Abdy, die vervloekte steen bedek met hout, wat genoem word “Jakob se kussing”.

Ons bely die aanbidding en die verering van die monarg en die verering van Elizabeth, (wat is soos die verering van Isis), vir al die kniel voor die monarg. Die soen van stene en die kerstening van voorwerpe en aanbidding van afgode. Vergewe ons ook vir die Druïdiese praktyk van kersaanstekery, die gooi van sout op die grond en oor die skouer vir wat dan geluk sou bring.

Vader, ons bely en vra U om ons te vergewe vir die beoefening van al die vorms van okkultiese aktiwiteite. Ons verwerp alle vorms van oorerwing, gevolge en effekte van die Druïdiese towerkrag. Ons vra U om ons te vergewe vir die eet van die boom van goed en kwaad as ‘n manier om krag te verkry. Ons rig ‘n petisie aan U dat, as ons bely, U die bloedlyn vloeke sal kanselleer, vernietig en elke effek van die okkultiese bloedlyn-aktiwiteite sal vernietig. Bevry ons asseblief in die naam van die Ware Jesus Christus van Nasaret.

Ons verwerp alle oorerwing en aanbidding en alle profetiese visioene, praktyke van gedaante verwisseling, towery, gedagte-beheer en okkultiese genesing en voorspellings. Ook van voëls, diere en menslike offers wat gemaak is.

Ons verwerp voorspelling van bloed en oorlog. Voorspellings van die pyn, van die dood, voorspellingsrook, die vertelling van stories en legendes. Stories van towerkrag, van feetjies, die skerp handboor, vorm van voorspellings deur natuurlike gebeure (haruspricy), gebruik van dwelms en drank om die geesteswêreld te kontak, towerdigkuns en die krag van woorde om te bekoor/ betower.

Ons bely bindende towerspreuke/towerformules, die uitspreek van vloeke en towerspreuke, elementale towerkrag, baarmoeder-voorspellings, of die krag om mense mal of siek te maak. Die maak van beelde en poppe of diere om die vernietiging van mense te simboliseer — deur die verbranding, verminking of marteling van die beelde. Die eet van rou vleis om visioene te kry.

Ons bely die geestes vlugte en die wandeling tussen wêrelde, dit is nie van U nie. Ons bely die oproep en kommunikeer met demone, die kontak maak met geeste van die lug en die onderwêreld, asook die raadpleging van die Rune en die beoefening van Rune towerkrag vir goed sowel as sleg.

AANBIDDING VAN AWEN- DIE VALSE HEILIGE GEES

Ons bely ,Vader, en vra U om ons te vergewe vir die:

- Misbruik van God se gegewe talente deur die aanbidding van die Awen — die Heilige Gees van die Druïdiers, die gees van die dromery/ bepeinsing, die krag van inspirasie van die Druïdiers.

- Vir die fokus wat ons aan gevoelens in ons liggame gegee het. Dat ons toegelaat het dat ons valslik in "geestelike slaap" geval het, dat ons onself onder die beheer van stene ens. geplaas het, in plaas van onder die beheer van U Heilige gees
- Vir die feit dat ons onsself toegelaat het om kanale te wees vir okkultiese kragte deur digkuns, die kunste, musiek en liedere.
- Beheer van vals manifestasies wat ons toegeskryf het aan aanraking van die Heilige gees.

Vergewe ons dat ons die geeste: Wakan, Mana, Ruach Acadasch, asook enige ander geeste toegelaat het om deur ons te kanaliseer. Dat ons toegelaat het om kanale te wees vir die slang-energie, die Kundalini en ander valse Heilige Geeste. Ook dat ons toegelaat het dat Dagda ons gesoen, gelei en instruksies gegee het.

Ons bely, Vader, die gebruik van die okkultiese krag van Imbas Forasnai 'die lig van versiendheid' om in die toekoms te sien.

Vergewe ons:

- Vir al die aanbidding van die maangodin, Ceridwen 'die wyse een van die kookpot', die 3 Awens — maagd, moeder en die ou wyf en al hulle aspekte,
- Vir die verkry van kennis van die baarmoeder van die moeder en vir die ontvang van Bardic gawes,
- Vir die neerbuig en aanbidding van die gees van heerskappy en dat ons toegelaat dat dit ons kontroleer en beheer.
- Vir die aanbidding van haar *grail*, die profetiese ligstrale en die drie druppels van wysheid van haar tower-kookpot, asook die kragte van die hemele, aarde en see.

Ons bely, Vader, die aanbidding van die godin Gogyrwen, die godin Brighid die welluidende soetklinkende een, Brighid van die groen dekmantel, Brighid van waarsegging, Brighid van die slim feetjie-volk, die godin van towervuur. Die aanbidding van die slang bruid, die valse bruid en dat haar towervuur deur ons gekanaliseer het.

Ons bely, Vader, die aanbidding van die godinne as die middeljarige dame/ matron; Arduinna, Belisama, Damona, Macha, Epona, Brighid — Maria van die Gael, die pleegmoeder van Jesus, Ceridwen en al die ander verskeie godinne van die Celtic godehemel en dat ons hulle toegelaat het om oor ons te regeer'

Ons bely vir die aanbidding van die volgende gode:

- Crom Cruach,
- Ogmios,
- Lugh,
- Zeus,
- Wotan,
- Odin,

- Thor/Donar,
- Zin,
- Tyr,
- Teutates,
- Esus,
- Taranus (Jupiter),
- Belenos,
- Artaios,
- Sucellos,
- Smertrios,
- Gwyd — God van dood,
- Dis pater — Vader Hades,
- Ook al die ander gode van die Keltiese godehemel.

Vader, vergewe ons asseblief vir wat ons gedoen het. Ons vra U om ons vry te maak en los te maak van ons bloedlynvloeke. U Seun, Y'shua die Messias het ook daarvoor aan die kruis gesterf.

Ons rig 'n petisie tot U vir beskerming teen al die kragte en effekte van die Druïdiese towerkrag oor ons, ons families en ons troeteldiere, die gebruik deur al die Druïdiese krygers, diewe, mage, klerikale, towenaresse en hekse.

Ons rig 'n petisie teen:

- Al hulle suur ontploffings,
- Vervloekings,
- Al die towerkrag losgelaat wat ons besighede, beroepe of finansies beïnvloed,
- Teen al die opdragte, kragte en vloeke van die taal van towerkrag,
- Towerspreuke/towerformules,
- Genesende formules/towerspreuke,
- Al die regterlike towerspreuke/towerformules,
- Verdryf towerspreuke, die draak se asem en die draak se vuur towerspreuke.

Ons rig 'n petisie teen al die:

- Druïdiese handbreking towerspreuke,
- Hand towerformules,
- Betowering,
- Kompulsiewe towerspreuke/towerformules,
- Intellektuele towerspreuke,
- Towerspreuke wat beserings veroorsaak,
- Kranksinnige towerspreuke,
- Towerspreuke van kriewelende ondergang en verpletterende wanhoop,
- Towerspreuke wat ons inskryf by die spoke, die nie-dood, skim, lykrower, lykverslinder, mummies en zombies.

Ons rig ‘n petisie teen al die:

- Druïdiese toordery en die plaas van die swart onyx-steen oor ons oë en monde om ons te keer om te sien en te praat.
- Druïdiese towerspreuke oor ons voedsel en water, om ons te vergiftig, vaak of siek te maak.
- Hulle kragte oor die elemente en al die Druïdiese vorste om storms, orkane, warrelwinde en verwoesting te skep/maak.
- Hulle beheer oor ons waters om dit op te droog of vloede te veroorsaak.

Ons rig ‘n petisie teen al die Druïdiese towerkrag wat ons gebrand het, skroeiwonde, al die towerformules van die vuur en vlamme en die gebruik van profetiese strale om ons, ons families en diere seer te maak, asook teen al die Druïdiese weerligstrale en elektriese kragte.

Ons rig ons petisie tot U dat U sal opstaan, O God, en ons vyande sal verstrooi en dat U ‘n muur van vuur om ons sal vorm, ons verf u bloed oor ons, dat geen Druïdiese krag/toordery ons kan affekteer nie.

Ons wil U dank vir U geduld met ons, terwyl ons probeer om die gemors waarin ons onself bevind skoon te maak. Dankie dat U ons liefhet. Dankie vir U belofte dat U die werk wat U in ons begin het, sal voltooi.

In die Almagtige Naam van Jesus Christus van Nasaret!

AMEN!

Afseël na Bevryding (vir die berader) ...

Hemelse Vader,

Dankie vir die werk wat vandag hier gedoen is. Ons bid teen enige sweepslag, terugslag of oordeel van die vyand, in Y'shua (Jesus) Naam.

Ons vra U, Here, dat U enige ongoddelike gees en sielsbande sal sny wat gevorm is a.g.v. hierdie bevryding wat plaasgevind het; ook enige oordraging wat plaasgevind het tussen hul gees, siel en liggaam na my gees, siel en liggaam. Ons plant die Kruis van Jesus Christus tussen myself en die kliënt. Ons dank U dat geen oordraging sal kan plaasvind nie. Ons neem nou omvattende versekering uit vir ons gesinne, alle verhoudinge sowel as alle besittings.

Ons vra dat U hierdie eiendom en hierdie vertrek sal reinig en skoonmaak met die Bloed van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus) van Nasaret en U Heilige Vuur, sodat geen demoon homself kan koppel aan enige voorwerp nie, en dat alle mensgeeste en gestorwe mensgeeste verwyder word deur U Geleide Engele na die Voetbank van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus). Ek vra dat alle besoedeling verwyder sal word en weggevee sal word met U Besem van verdelging in Y'shua (Jesus) Naam.

Vader, ons vra dat U enige waghond- en merker demone wat aangestel is deur die koninkryk van duisternis om die eiendom te merk in die gees vir ‘n teenaanval deur astrale projeksie, sal verwyder en plaas onder die Voete van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus).

Ons wil ook die Heerskappy van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus) van Nasaret verklaar oor hierdie plek en dat alle openinge afgeseël sal word deur U Bloed. *(Openinge soos: Telefoon, faks, rekenaar, water, riolering, elektrisiteit.)*

AMEN!

Let wel: Onthou om voor die Here te gaan en jouself te stort met die Water van die Woord en in lofprysing en aanbidding te gaan en jouself weer te vul (sien lering oor Mikvah J2F4).

Ter afsluiting, nadat al die vloeke mee gedeel is en gebreek is, is dit baie belangrik om nou die gapings te vul met **SEËNINGE** ... ons wil alle vaders aanmoedig om hierdie roeping ernstig op te neem, en om hulle gesinne te begin SEËN volgens die opdrag van die HERE dat die priesters sal seën met die volgende seëning:

Die Priesterlike Seëning ...

(Ons gaan die ENGELSE weergawe aanhaal omdat
dit meer korrek is volgens die Hebreeuse vertaling.)

Numbers 6:24-26

“24 The LORD bless thee, and keep thee:
25 The LORD make his face shine upon
thee, and be gracious unto thee: 26 The
LORD lift up his countenance upon thee,
and give thee peace.”

Die Priesterlike Seëning ...

Hebraic Translation[1]

"YHVH will kneel before you presenting gifts, and He will guard you with a hedge of protection, YHVH will illuminate the wholeness of His Being toward you, bringing order, and He will provide you with love, sustenance, and friendship, YHVH will lift up the wholeness of His Being and look upon you, and He will set in place all you need to be whole and complete."

---

*Translation by Jeff A. Benner, for more information, please see http://www.ancient-hebrew.org/12_blessing.html

The Priestly Blessing[1]

יְבָרֶכְךָ יְהוָה וְיִשְׁמְרֶךָ׃

and may he guard you the LORD may he bless you

May the LORD[2] bless you[3] and keep you[4]

יָאֵר יְהוָה פָּנָיו אֵלֶיךָ וִיחֻנֶּךָּ׃

and show you favor on you his face the LORD May he shine

May the LORD make His face[5] shine[6] upon you and be gracious[7] to you

יִשָּׂא יְהוָה פָּנָיו אֵלֶיךָ וְיָשֵׂם לְךָ שָׁלוֹם׃

peace for you and establish on you his face the LORD may he lift up

May the LORD lift up[8] his face to you and give you peace[9]

---

[1] This blessing is (ritually) recited (by the kohanim) during synagogue services during *Nesiat Kapayim* ("the Raising of the Hands"), though it is also recited over children on Friday night before the start of the Shabbat meal or as a bedtime blessing.

[2] The name *YHVH* (יהוה) represents God's attributes of love and mercy (מִדַּת הָרַחֲמִים), in contradistiction to the name *Elohim* (אֱלֹהִים), which represents God's attribute of justice and power as our Creator.

[3] בְּרָכָה (*b'rachah*). Jewish tradition considers this both material and spiritual prosperity. Pirkei Avot 3:15 says, "If there is no flour, there is no Torah," by which is meant that material benefits are intended to help you pursue study of Torah. The first occurrence of the word "blessing" in the Scriptures pertains to *pru urvu* (פְּרוּ וּרְבוּ), "be fruitful and multiply" (Gen. 1:22).

[4] שָׁמַר (*shamar*): To guard, protect, heed, as in the exercise of diligent care. Only God has the power to secure the conferred blessing and keep it from turning sour or from fading away.

[5] The word for "face" (פָּנִים) is plural with the 3rd person singular ending. It is considered metaphorical since God is incorporeal. The plural form is thought by some to indicate God's revealed and hidden attributes in creation.

[6] The hiphil verb (יָאֵר) comes from the word "light" (אוֹר), and is thought to refer to God's wisdom. "May God enlighten you" with His wisdom, i.e., the Divine Light that preceded the work of creation (Gen. 1:3).

[7] May God grant you grace or favor (חֵן), i.e., to understand the "breadth and length and height and depth" of God's love (Eph. 3:18). Grace refers to the bestowal of an undeserved gift. The blessing is bestowed even though unearned or unmerited.

[8] Since one's face is an indication of the heart's attitude, Rashi says that this means God will suppress His anger by "looking at you" (if God is angry at you, He "turns His face away" and refuses to admit your presence). The "lifting of face" also pictures God lifting you up as a father might lift up his child in joy. The "showing of face" indicates spiritual intimacy.

[9] All of the other blessings are useless without the establishment of inner peace, and therefore it is the seal of the blessing. Shalom (שָׁלוֹם) is not simply the absence of strife, but a balance and harmony between the finite and infinite, the temporal and the eternal, the material and the spiritual realms. Shalom is a gift from Sar Shalom (שַׂר שָׁלוֹם), the Prince of Peace.